**BEKAMPING VAN RASSISME:**

**'n Nasie in Dialoog**

**NASIONALE KONFERENSIE OOR RASSISME 2000**

# Suid-Afrikaanse

# Millenniumverklaring oor Rassisme

# en Program van Aksie

**Menseregtekommissie**

## AANHEF

Aangesien president TM Mbeki in sy Stand van die Nasie-toespraak by geleentheid van die amptelike opening van die parlement op 4 Februarie 2000 'n beroep gedoen het om 'n Nasionale Konferensie oor rassisme en versoek het dat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie hierdie geleentheid moet reël;

Aangesien die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie 'n Nasionale Reëlingskomitee tot stand gebring het, wat die Geslagsgelykheidkommissie, Suid-Afrikaanse Koalisie van nieregeringsorganisasies (SANGOCO) en regeringsverteenwoordigers ingesluit het om die Kommissie te help met die reël van die Nasionale Konferensie;

Aangesien die Nasionale Reëlingskomitee sekere beginsels aanvaar het wat die verloop van die Nasionale Konferensie oor rassisme sou rig: dat dit werklik nasionaal en verteenwoordigend van alle sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap sou wees; en dat dit ten volle deelnemend en interaktief sou wees om te verseker dat die standpunte, ervarings en sienings van gewone Suid-Afrikaners gehoor sou word. Met hierdie doel voor oë is omvattende provinsiale openbare beraadslaging en openbare vergaderings gehou en is landswye openbare voorleggings en bydraes ingewin om as insette vir die Nasionale Konferensie te dien. Verder sou die Nasionale Konferensie uitkomsgebaseer wees ten einde alle Suid-Afrikaners tot 'n gemeenskaplike program van aksie ter bekamping van rassisme te verbind;

Aangesien daar besluit is dat die oogmerke van die Nasionale Konferensie oor Rassisme begrip sou bevorder van die aard, betekenis en vergestaltings van rassisme in die Suid-Afrikaanse gemeenskap, om 'n gemeenskaplike program te ontwerp vir die uitwissing van alle vorme van rassisme en om voorbereidings te tref vir die Verenigde Volke se 3e Wêreldkonferensie teen Rassisme, Rassediskriminasie, Xenofobie en Verwante Onverdraagsaamheid wat in Augustus/September 2001 in Suid-Afrika gehou sal word;

Aangesien die Verenigde Volke se Algemene Vergadering die jaar 2000 tot die Internasionale Jaar vir die Kultuur van Vrede verklaar het, en 2001 tot die Internasionale Jaar van Mobilisasie teen Rassisme, Rassediskriminasie, Xonofobie en Verwante Onverdraagsaamheid, asook 1993-2003 tot die 3e Dekade vir die Bekamping van Rassisme en Rassediskriminasie;

Aangesien Suid-Afrika gelei word deur die Grondwet, wat die waardes van "menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede" as van die hoogste aspirasies van die nasionale lewe bevestig;

Aangesien hierdie waardes vollediger uiteengesit word in en beskerm word deur 'n beregbare Handves van Menseregte en vervat is in wetgewing waarvan die belangrikste die volgende is: Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 en die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000, en artikels van laasgenoemde Wet op 1 September 2000 gedurende die Nasionale Konferensie oor Rassisme in werking getree het;

Aangesien Suid-Afrika 'n Nasionale Plan van Aksie vir die Bevordering en Beskerming van Menseregte ontwikkel het wat behoorlik op 10 Desember 1998 by die Verenigde Volke ingedien is om die 50e Herdenking van die Universele Verklaring van Menseregte te herdenk en 'n Nasionale Raadplegende Forum oor Menseregte nou tot stand gebring is;  dat die Nasionale Plan van Aksie erken dat rassisme 'n ernstige probleem is wat die verdere volledige genieting van menseregte verhoed, veral ekonomiese en maatskaplike regte, en die ontwikkeling van 'n menseregtekultuur in Suid-Afrika beïnvloed;

Aangesien Suid-Afrika 'n trotse lid van die gemeenskap van nasies is en die universele afkeer van rassisme deel, soos verklaar in internasionale instrumente soos die Internasionale Handves van Menseregte, die Internasionale Konvensie oor die Uitwissing van alle vorme van Rassediskriminasie, die Konvensie oor die Uitwissing van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue en die Afrika-Handves oor Mense- en Volkeregte waarvan dit 'n onderskrywende party is, en die Weense Verklaring en Program van Aksie (1993), die Grand Bay (Mauritius)-Verklaring en Plan van Aksie wat deur die 1e OAE Ministeriële Konferensie oor Menseregte (April 1999) aanvaar is, asook ander verklarings en besluite van die Verenigde Volke, die Organisasie vir Afrika-eenheid en die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC);

Met inagneming daarvan dat verslae oor rassegeweld en volgehoue vorme van rassediskriminasie steeds 'n bron van kommer vir alle eerbare en ordentlike Suid-Afrikaners is;  dat sommige instansies binne die nasionale lewe nie die ontwikkeling van effektiewe nie-rassigheid ten volle bevorder nie en dat strukturele stelsels nie die verskeidenheid van kulture, maatskaplike stelsels, waardes en lewenswyses soos in ons Grondwet erken word toereikend weerspieël en eerbiedig nie;

Met inagneming ook dat volgehoue vorme van rassediskriminasie in die besonder in ekonomiese en maatskaplike ongelykhede wat geskep is deur kolonialisme en apartheid en voortgesit word deur negatiewe aspekte van globalisering, steeds die verwesenliking van 'n waarlik nie-rassige samelewing ondermyn.

Met inagneming verder dat nasionale pogings tot versoening, nasiebou, maatskaplike ontwikkeling en ekonomiese welvaart, soos vergestalt in die gees van die Afrika-Renaissance, nooit sal slaag in 'n omgewing waar rassisme gedy nie; en dat die negatiewe aspekte van globalisering die ekonomiese ongelykhede tussen mense en nasies vererger;

Met inagneming laastens dat die taak van die uitroei van rassisme 'n nasionale verantwoordelikheid is wat alle sektore van die samelewing in 'n gesamentlike poging en nasionale vasbeslotenheid moet betrek om rassisme te bekamp en 'n samelewing te bou wat die waardigheid van alle Suid-Afrikaners bevestig en respekteer ongeag hul kleur, kultuur, godsdiens, taal, etnisiteit of maatskaplike herkoms.

**Die Nasionale Konferensie oor Rassisme aanvaar dienooreenkomstig die volgende verklaring:**

## I - INLEIDING

1. Die 1e Nasionale Konferensie oor Rassisme is op 30 Augustus - 2 September 2000 in Sandton, Gauteng gehou met die slagspreuk van **BEKAMPING VAN RASSISME:** 'n Nasie in Dialoog ("**COMBATING RACISM:** A Nation in Dialogue").

2. Meer as 1000 Suid-Afrikaners wat uiteenlopende groepe uit die burgerlike gemeenskap, rasse-, taal- en kultuurgroepe, maatskaplike en politieke strukture van die gemeenskap, die regering op alle vlakke en vanoor die lengte en breedte van ons land, onafhanklike instansies, statutêre liggame en openbareonderneming-instellings verteenwoordig, het vier dae lank tydens 'n konferensie byeengekom om oor rassisme oorleg te pleeg. Ongeveer 20 waarnemers uit Australië, Brasilië, die Verenigde State van Amerika en Nigerië asook waarnemers van internasionale nieregeringsorganisasies gebaseer in Europa het die konferensie bygewoon. In die lig van die komende Verenigde Volke-Wêreldkonferensie teen Rassisme, Rassediskriminasie, Xenofobie en Verwante Vorme van Onverdraagsaamheid wat in 2001 in Suid-Afrika gehou sal word, was die Kantoor van die Hoëkommissaris vir Menseregte in Genève ook verteenwoordig.

3. Die Konferensie is amptelik geopen deur president TM Mbeki, wat die behoefte uitgewys het om die wit vrese en swart verwagtinge aan te spreek wat na vore getree het na die demokratiese veranderinge waarmee in 1994 begin is. Hy het die vertroue uitgespreek dat, as 'n grondslag vir nasionale dialoog, Suid-Afrikaners beskik oor die wysheid, vindingrykheid en sensitiwiteit vir die mens se omstandighede om rassisme te bowe te kom. Van die hoofsprekers was prof. Jakes Gerwel, prof. Patricia J Williams van die VSA en me. Nozipho January-Bardill, wat 'n lid van die VVO-komitee vir die Uitwissing van Rassediskriminasie is.

4. Drie temas is aanvaar: Die Geskiedenis, Aard en Oorspronge van Rassisme; Die Gevolge, Impak en Kontemporêre Vorme van Rassisme; en Strategieë om Rassisme te Bekamp: Die Pad Vorentoe. Daar is op elke tema uitgebrei in subtemas, en werksgroepe het die subtemas bespreek en daaroor gedebateer. Die uitkoms van die subtemas in die werksgroepe is in 'n verslag oor die temas gekonsolideer en is by die Konferensie aangebied.

5. Die stemming van die konferensie was deurgaans een van betrokkenheid. Deelnemers het die take van die konferensie vasberade en met determinasie onderneem. Besprekings was openlik en eerlik, en soms was daar woede en passie, maar die gees van die konferensie is deurgaans gehandhaaf. Die gemoed van luister na en sensitiwiteit en verdraagsaamheid vir verskillende standpunte en menings oor die vertolking van die geskiedenis, oor die begrip en ervaring van rassisme, oor aksiestrategieë om rassisme uit te wis en oor 'n visie vir die toekoms het deurgaans gegeld. Dialoog het die konferensie gekenmerk, soos die slagspreuk dit ook gestel het. Daar is wyd ooreengekom dat iets wat van kritieke belang was vir enige strategie vir die hantering van rassisme die behoefte is aan die erkenning van die skade wat deur apartheid aangerig is, erkenning van die uitwerking van daardie verlede op huidige maatskaplike situasies en die werklikheid van voortgesette rassisme, regstreeks en onregstreeks, formeel en informeel, struktureel of institusioneel, in die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

## II - BEGINGELS

6. Die Konferensie bevestig dat die praktyk van rassisme beide onmenslik en 'n growwe skending van menseregte is. Rassisme muteer en herontwerp homself volgens die

heersende maatskaplike en historiese omstandighede. Dit manifesteer op komplekse wyses, en beïnvloed die sielkundige, maatskaplike en kulturele terreine van die lewe.

7. Die Konferensie bevestig dat almal wat hier as burgers leef in gelyke mate Suid-Afrikaners is, met gelyke verantwoordelikheid om inhoud en uitdrukking te gee aan die funderingsbeginsels van nasieskap soos in ons Grondwet vervat. Die Konferensie neem dus die besluit dat die taak wat vir ons voorlê daaruit bestaan om uitvoering te gee aan die beginsels en waardes wat in ons funderingsdokumente verskans en in ons geskiedenis weerspieël word, en aan die vooruitgang na 'n regverdige demokratiese en gelyke gemeenskap.

8. Die Konferensie is daartoe verbind om alle pogings tot die uitwissing van rassisme en geslagsverwante diskriminasie in ons samelewing te ondersteun. Die konferensie is oortuig dat rassisme dikwels in die diskriminasie teen vroue wat so in die Suid-Afrikaanse gemeenskap hoogty vier, tot vergestalting kom.

9. Die Konferensie erken dat die totstandkoming van 'n samelewing vry van rassisme sal bydra tot die uitwissing van armoede en die bevordering van volhoubare menslike ontwikkeling.

10. Die Konferensie erken dat ekonomiese beleid van die verlede gedien het om landelike mense en hul gemeenskappe te marginaliseer en dus 'n opbou van armoede veroorsaak het wat 'n kontemporêre vergestalting van rassisme geword het.

11. Die Konferensie erken die maatskaplike uitsluiting en diskriminasie wat deur mense met gestremdhede ervaar word. Dit word in maatskaplike ondersteuningstelsels, institusioneel gebaseerde versorging en opvoedkundige fasiliteite aangetref. Verder word hierdie uitsluiting dikwels deur rassisme vererger. Rassisme vind steeds vergestalting onder gestremdes as gevolg van apartheidsbeleid van die verlede.

12. Die Konferensie is oortuig dat xenofobie in sekere omstandighede 'n vergestalting van rassisme kan wees.

13. Die Konferensie erken dat met die aanbreek van die nuwe demokrasie Suid-Afrika sy verantwoordelikhede in die gemeenskap van nasies moes aanvaar. Hieronder tel die plig en verantwoordelikheid om 'n heenkome te bied vir en uitdrukking te gee aan solidariteit met die toestand waarin vlugtelinge en asielsoekers hulle bevind. Hulle teenwoordigheid in ons land het tot onaanvaarbare vlakke van xenofobie en onverdraagsaamheid in ons gemeenskappe aanleiding gegee. Openbare instellings het 'n plig om te verseker dat

xenofobie nie in die implementering van beleid verduur word nie, veral nie beleid met betrekking tot immigrasie en misdaadvoorkoming nie.

14. Die Konferensie bevestig die behoefte aan regstellende aksie en korrektiewe stappe om die bereiking van substantiewe gelykheid te bevorder en om die voortgesette uitwerking van diskriminasie en agterstelling van die verlede aan te spreek.

15. Die Konferensie bevestig dienooreenkomstig dat die fondamente van 'n samelewing wat vry van rassisme is, die beoefening is van verdraagsaamheid as 'n deug wat as 'n lewenswyse aangeneem kan word, soos uiteengesit in UNESCO se Verklaring van Beginsels van Verdraagsaamheid (1995). Verdraagsaamheid, volgens die Verklaring, word gebore uit respek vir verskille, word nie bedreig deur kulturele of enige ander diversiteit nie en handhaaf menseregte, demokrasie en die heerskappy van die reg as die geboortereg van die hele mensdom. Verdraagsaamheid impliseer die aanvaarding dat menslike wesens, wat van nature uiteenlopend in voorkoms, omstandighede, spraak, gedrag en waardes is, nogtans gelyk in waardigheid en waarde is.

**Die Konferensie aanvaar dus die volgende Program van Aksie:**

## III - PROGRAM VAN AKSIE

16. Dat die Regering en Parlement hiermee versoek word om die tydperk 2001 - 2010 tot die Dekade vir Nasionale Mobilisasie teen Rassisme te verklaar;

17. Dat 16 Desember 2000, Nasionale Versoeningsdag, toegewy word aan aktiwiteite om versoening tussen al die mense van Suid-Afrika te bevorder;

18. Dat SANGOCO en ander agente van die burgerlike samelewing dringend versoek word om 'n nasionale antirassisme-forum tot stand te bring en aan te voer, wat sal ontwikkel in 'n beweging teen rassisme op alle vlakke van die samelewing;.

19. Dat gedurende hierdie Internasionale Dekade vir Menseregte-opvoeding (1995-2004), antirassisme-opvoeding en -opleiding voorsien sal word in alle opvoedkundige instellings, veral op primêre en sekondêre skoolvlak; dat antirassisme-opvoeding aan staatsamptenare en ander diensverskaffers beskikbaar gestel word, soos aan professionele persone, aan die sakewêreld, aan die gasvryheids- sowel as aan die onspannings- en vermaaklikheidsbedryf, wat in die uitvoering van hul pligte met die publiek in interaksie is.

20. Dat die regering vinnig aandag moet gee aan die kwessie van verskaffing van vergoeding aan slagoffers van rassisme, soos aanbeveel deur die WVK-verslag (1998). Die kwessie moet egter holisties beskou word, met inagneming van toepaslike ingrypingsmaatreëls om die uitwerking van apartheid reg te stel.

21. Dat beleid en maatreëls gemik op die vermindering van die ongelykhede in welvaart, met inbegrip van grond- en besitreghervorming, toegang tot kapitaal, vaardighede en opleiding geïmplementeer word.

22. Dat, op internasionale vlak, die kwessie van vergoeding vir die nasies en volke wat oor baie eeue heen as gevolg van slawerny, imperialisme en koloniale gely het, oorweeg word. Hierdie kwessie moet egter oorweeg word saam met die behoefte daaraan om aanpassings in die ekonomiese wêreldorde te maak en die probleem van uiterste armoede, veral in Afrika, aan te spreek.

23. Dat, vir sover die dubbele euwels van rassisme en patriargie maatskaplike ongelykheid in Suid-Afrika op die grondslag van ras en geslag definieer, en waar die ongelyke verspreiding van magsverhoudings geweld teen vroue en kinders tot gevolg gehad het, dit van dwingende belang is dat enige strategie teen rassisme daarna moet streef om geslagsongelykheid met dieselfde kragdadigheid aan te spreek.

24. Dat die program van "Nasionale Dialoog om Rassisme te Bekamp", wat hierdie Nasionale Konferensie gekenmerk het, uitgebrei en verskerp word ten einde alle sektore van die samelewing te betrek.

25. Dat die regering onmiddellik stappe moet doen om uitstaande internasionale menseregte-instrumente te ratifiseer, soos die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte, die Internationale Konvensie oor die Beskerming van Regte van alle Trekarbeiders en hul Gesinne, die Protokol by die Afrika-Handves oor Mense- en Volkeregte, oor die Totstandbrenging van die Afrika-hof oor Mense- en Volkeregte sowel as die Statuut van Rome oor die Internasionale Strafhof.

26. Dat maatreëls aanvaar word wat die gebruik en erkenning van die uiteenlopende kulture, tale en godsdienste wat daar in ons land bestaan, herstel en bevorder en dat stappe om die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe tot stand te bring, bespoedig word.

27. Dat navorsing onderneem word om wyses te vind vir die effektiewe bevordering en verdieping van respek vir die tradisionele kennis en kulture van al die mense van ons

land, met die oog op die versekering van respek en begrip vir hul soeke na identiteit, en respek vir hul kulture en waardes, sodat 'n gemeenskaplike nasieskap uit die verskil en uiteenlopendheid gesmee kan word.

28. Dat transformasie in die regstoepassingstelsel versnel word ten einde beter verteenwoordiging in die polisie, die aanklaersdiens en die regterlike gesag te verkry sodat hulle die uiteenlopendheid van kulture en wêreldbeskouings wat in ons samelewing verteenwoordig word, beter kan weerspieël, regering met goedvinde van die regeerdes kan verseker, volksdeelname in die regstelsel teweeg kan bring en maatreëls implementeer om steun te verleen aan slagoffers van misdaad gemotiveer deur rassisme.

29. Dat met die afkondiging van die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie, 2000 die strafregstelsel toegerus moet word om bepalings af te dwing ter voorkoming en vir die straf van rassistiese oortredings, en dat amptenare in die regstelsel opgelei moet word in rassesensitiwiteit en rassebewustheid.

30. Dat toepaslike maatskaplike bystand vir asielsoekers en vlugtelinge in samewerking met nieregeringsorganisasies oorweeg word, wat hulle sal help om by die Suid-Afrikaanse samelewing in te skakel en hul bydrae tot nasionale ontwikkeling ten opsigte van vaardighede en kundigheid sal verhoog. Die Konferensie doen 'n beroep om die ontwikkeling van nouer samewerking tussen die regering en die Nasionale Konsortium oor Vlugtelingaangeleenthede en die UNHCR ten einde die diens aan asielsoekers en vlugtelinge te koördineer en te verbeter.

**IV**

31. Om uitvoering gee aan bogenoemde maatreëls, beveel die Konferensie aan dat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie 'n omvattende plan van aksie en 'n strategie ten bekamping van rassisme moet ontwikkel en aanvaar. Sodanige plan moet onder andere aanwysers van sukses, tydraamwerke en verantwoordelikhede asook doeltreffende monitering- en evalueringstelsels insluit.

32. Alle Suid-Afrikaners word aangemoedig om die maksimum steun te verleen aan die Derde Wêreldkonferensie teen Rassisme, Rassediskriminasie, Xenofobie en Verwante Onverdraagsaamheid wat in 2001 in Suid-Afrika gehou word, om betrokke te wees by alle voorbereidende aktiwiteite en ten volle deel te neem aan alle geleenthede om hierdie internasionale poging te herdenk.

## SLOT

As 'n nasie staan ons op die drempel van die Afrika-eeu. Hierdie eeu nooi ons na sy opwindende nuwe moontlikhede. Uitstaande prestasies wag op ons nasie en ons kontinent. Ons is oortuig dat gedurende hierdie era van die Afrika-Renaissance daar baie op ons skouers rus om 'n beter toekoms vir ons en vir toekomstige geslagte te skep. Rassisme werk nie net teen ons gesamentlike aspirasies nie, maar is ook 'n mag wat ook ons gesamentlike visie teenwerk.

As 'n nasie kan ons nie beter doen as om trou te sweer in die woorde van die slagspreuk op ons nasionale wapen nie: !KE E !XARRA !!KE. Hierdie baie ou wysheid van een van die inheemse gemeenskappe van ons land sal ons inspireer en lei soos 'n poolster wat ons pad verlig. Die trou wat ons vandag sweer is dat geen Suid-Afrikaners ooit weer aan hul velkleur geoordeel sal word nie, maar aan die inhoud en gehalte van hul karakter.

Sandton, Gauteng.
2 September 2000